

# Woensdag 3 Maart

Skrifgedeelte: Eksodus 4:18-31

Fokusgedeelte: Eksodus 4:31

## **Aanbid die Here wat in al jou nood voorsien**

Psalm 24:3-4 worstel oor wie mag in die heiligdom van God gaan staan? Dié een wie se hande rein en se hart suiwer is. Ons word elkeen geroep om in die diens van God te staan. Ons moet egter sorg dat ons huis in orde is. Hier kry ons Moses wat so pas die roeping van God aanvaar het om die Here se volk te gaan lei uit Egipte. Dit was met 'n geworstel en onwilligheid dat hy dit doen.

Moses se huis was nie in orde nie. Daarom die gebeure in verse 24–26. Sy seun het nog nie die verbondsteken ontvang nie. Hierdeur is daar gesorg dat Moses se huis in orde was en sy werk kon voortgaan.

Wat egter van werklike belang is, is die feit dat die Here deur Moses in die nood van sy volk voorsien. Hy het hulle gekerm en gekla gehoor (vs 31) en ná soveel jare het Hy iemand geskik gestuur om die volk uit Egipte te lei. Moses het 40 jaar in die woestyn gewerk, Moses se lewe is nou in orde. Hy gee aan Moses 'n kiere waarmee hy sekere wonderwerke kan doen. Hy gee Aäron om hom in hierdie roeping by te staan.

Die Here het ook in ons nood voorsien. Hy het sy Seun, Jesus Christus, gegee om ons uit die slawerny van die sonde te lei. Jesus se lewe en huis was duidelik in orde. Geen sonde. Die Seun van God. Hy was toegerus met die krag van God.

Ons word geroep om werksaam te wees in die koninkryk van God. Aan ons word die krag en bystand van die Heilige Gees gegee om ons werk te doen. As kinders van die Here moet ons sorg dat ons huis in orde is om God se werk te kan doen. Ons werk deur die geloof. Berou en sondevergifnis. Dan kan ons met vrymoedigheid in die teenwoordigheid van God gaan staan en God op gepaste wyse aanbid soos Hy vra en verwag.

*Sing: Psalm 24-1:3, 4*

*Ds. N Boy (Neville) (Thabazimbi)*